

**Vrydag 29 April**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 4:25 – 5:5; Hebreërs 6:4-8; Matteus 12:22-32**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 4:30; Hebreërs 6:4-6; Matteus 12:31**

**Bedroef van en lastering teen die Heilige Gees**

Ons moet daagliks bid om vervul te word met die Heilige Gees sodat ons kan weet wat sonde is en teen die sonde kan stry. In Efesiërs 4:30 word ons gemaan om nie die Heilige Gees te bedroef deur wie ons verseël is nie. Hoe bedroef ons die Heilige Gees? Deur die verligting van die Gees weet ons iets is sonde en dit dan nogtans te doen. Lees weer Efesiërs 4 wat pertinent sondes noem waardeur ons die Heilige Gees bedroef.

Daar is 'n baie ernstige sonde waarvoor niemand vergewing sal ontvang nie. Dit is die lastering (sonde) teen die Heilige Gees. Christus waarsku die Fariseërs dat hulle laster wanneer hulle beweer Hy dryf duiwels uit deur Beëlsebul, owerste van duiwels (Matt. 12:31, 32).

In Hebreërs 6:4-6 lees ons van mense wat eenmaal verlig was en in die algemene verligting deur die Heilige Gees gedeel het. Dit was egter tydgelooft en nie ware geloof nie. Later het hulle afvallig geword en is dit vir hulle onmoontlik om weer tot bekering te kom (vgl. Heb. 10:29). In 1 Johannes 5:16 word na dieselfde sonde verwys: *“Daar is 'n sonde wat tot die dood lei, ek sê nie dat hy daarvoor moet bid nie.”*

Feenstra (1972:60) skryf: *“Die sonde teen die Heilige Gees kan dus deur 'n wêreldling, 'n van huis-uit ongelowige of 'n heiden nie bedryf word nie. Hierdie sonde word alleen bedrywe deur hulle wat eers binne die kring van die verbond geleef het.”*

'n Kenmerk van iemand wat sonde teen die Heilige Gees gedoen het, is verharding. So 'n persoon kry nooit weer berou nie. Hulle kan nie bekeer word en wil hulle ook nie bekeer nie (Feenstra 1972:60). Daarom moet ons goed onderskei tussen bedroef van die Heilige Gees en lastering. Wanneer God se kinders sondig, bedroef hulle wel die Gees, maar hulle bid weer om vergewing van sonde en ontvang dit.

*Sing: Psalm 51-1:5*

*Ds. PA Coetzee (Peet) (emeritus)*